GGSA Vaaldriehoektak

Nuus Varia

Mei 2007

GSSA Vaal Triangle

News Varia

May 2007

eGGSA

(brief vanaf Johann Ahlers)

Die genealogiese gemeenskap bly net sterk as almal hande neem en hande bly hou!

Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) inligting by http://www.gensa.info/drupal/af het verskeie streekstakke, sowel as 'n wêreldwye elektroniese tak, wat daarop ingestel is om mense wat nie naby 'n streekstak woon nie, of verkies om eerder elektronies - as per vergadering - met die tak in kontak te wees, van diens te wees.

Inligting oor eGGSA is te kry by: http://www.eggsa.org/welkom.htm
U is ook welkom om 'n lid van beide 'n streekstak en die eGGSA te word.

As u weer u lidmaatskap hernu, hou u die vereniging sterk en gaan u voort om u eie bydrae te lewer tot die bevordering en versterking van die genealogie-veld in Suid-Afrika. As lid van die eGGSA-tak (of u streekstak) is u outomaties lid van die GGSA en ontvang u onder andere die volgende voordele:

1. Lede-toegang tot die eGGSA aflaai-biblioteek: http://www.eggsa.org/library/main.php

2. Lede-afslag vir enige aankope in die e-winkel: http://www.eggsa.org/sales/ewinkel_a_mp.htm hier kan genealogiese en kulturele inligting op CD aangekoop word om u eie navorsing te ondersteun.

3. Bestelling van foto's van argiefdokumente uit die argiewe in Kaapstad, Pretoria, Pietermaritzburg en Bloemfontein. (Hierdie diens is slegs aan lede beskikbaar en word deur ons entoesiastiese span vrywilligers gelewer.)

4. Gereelde genealogiese publikasies (Familia vir die GGSA; Genesis vir die eGGSA en verskeie ander takpublikasies waarop u ook afsonderlik kan inteken.) Familia en Genesis is ook vir lede beskikbaar in die eGGSA aflaaibiblioteek.
Familia: http://www.gensa.info/drupal/af/node/128
Genesis: http://www.eggsa.org/genesis_inhoud.htm

5. 'n Gratis Genealogiese Beginnerskursus (35 bladsye) en verwysingsgids (274 bladsye) - dit is wonderlike verwysingsmateriaal en is elektronies op die nuwe Lede CD beskikbaar (en binnekort ook vir lede aflaaibaar vanaf die eGGSA web).

Buiten al hierdie fantastiese voordele, sterk u ook die hand van die vereniging en bly u 'n amptelike lid van die SA Genealogiese gemeenskap - u dra dus by tot die bevordering van die genealogie in Suid-Afrika! Hernu sommer nog vandag elektronies by: http://www.eggsa.org/sales/ewinkel_a_lidmaatskap.htm

As u enige vrae het, is u welkom om Johann Ahlers direk te kontak by johann.ahlers@gmail.com

* * * * * * *

e-SAGI

(brief vanaf Richard Ford)

Wes-Gautengtak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, stel 'n nuwe diens bekend - die Elektroniese SA Genealogiese Indeks: e-SAGI.

Die doel van die indeks is om navorsers te voorsien van 'n betroubare databasis wat gedurig opdateer word soos nuwe inligting beskikbaar gemaak word. Dit is derhalwe 'n dinamiese, elektroniese databasis wat spoedig beskikbaar is teen 'n billike prys. Nou op laserskyf en binnekort op die web.

e-SAGI is 'n samestelling van meer as 320 000 name wat 116 000 Suid-Afrikaanse families verteenwoordig. Die databasis se ontstaan was in die Rinken-De Wet Databasis wat Lucas Rinken in samewerking met Tesselaar Bryan de Wet van Winnipeg, Manitoba, Kanada met die gebruik van sy vader se navorsing saamgestel het. Die inligting was verder uitgebrei met behulp van Hend de Wet se boek *Familie De Wet-300 jaar* en met Gedcoms wat deur menige navorsers voorsien is.

Die laserskyf bevat:
1. Die Standaard weergawe van die Genealogiese Program Legacy. Dit stel jou in staat om Legacy op jou rekenaar te installeer met gebruik van die wagwoord *family*. Sodra jy die program installeer het, is dit nodig om die lêer eSAGI.fdb in die Legacy datalêer wat deur die installering van die Legacy Program geskep is in te voer.
2. Die e-SAGI databasis, in die vorm van die Legacy datalêer en 'n Gedcom, sou jy verkies om die data in jou genealogiese program in te voer.

Kopiereg:
Navorsers wat hulle databasisse beskikbaar stel vir insluiting in e-SAGI, betuig hulle aanvaarding dat die Wes-Gautengtak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, hulle bydraes vir publikasie op laserskyf en die web sal gebruik. Daardeur verleen hulle slegs 'n nie-uitsluitlike kopiereg aan die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, en behou die reg om hulle data in enige vorm sonder toestemming van die GGSA te publiseer.

vervolg op volgende bladsy

Persoonlike Berigte

Welkom aan:
Frikkie & Marthie Jansen van Rensburg

Frikkie se vader is al bejaard en hy het sy moeder, 'n nooi Pretorius, verlede jaar in Augustus verloor. Dit het hom tot die besef laat kom dat hy nou vinnig sal moet speel om die inligting van die familie op te teken terwyl sy vader nog lewe. Hy het Emmarentia van Rensburg in Pretoria gekontak en sy het vir hom 'n riglyn gegee hoe om by sy stamvader uit te kom. Frikkie het so 'n klein bundeltjie saamgestel oor sy familie. Hulle het ook nou al twee keer 'n familiesaamtrek gehad waar hy nog inligting en foto's bygekry het. Frikkie sê dis verbasend hoe baie inligting jy in 'n kort tydjie kan bymekaarmaak en elke dag ontdek hy iets nuuts. Op hierdie stadium is dit vir hom genoeg om vir sy twee seuns te kan sê, dit is julle familie. Hulle seuns is die tiende geslag van sy pa se familie.

Sy moeder se familie, die Pretoriusse, kom van Calitzdorp en sy pa se familie, Jansen van Rensburg kom van Koster se wêreld.

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat gedurende Mei verjaar:

10 Hector Els
17 Grahame Naudé

Leed

Leon Ferreira se eggenote, Katie, is oorlede op die 28ste Maart 2007. Sy het blymoedig die goeie stryd gestry, sy het die wedloop voleindig, sy het die geloof behou. Sy is begrawe op die 2de April uit die NG Kerk, Arconpark. Ds Bok van Rensburg het die diens waargeneem. *Job 5:26 - "Jy sal op rype ouderdom die graf ingaan soos 'n gerf wat op sy tyd na die dorsvloer toe gebring word."*

Ons innige simpatie gaan aan hierdie familie. Leon het die vergaderings bygewoon en die inligting versamel en Katie het die navorsing gedoen. Dis nou wat 'n mens noem 'n spanpoging.

e-SAGI *(vervolg vanaf vorige bladsy)*

Hoe om die laserskyf te bekom:

1. Stuur 'n Gedcom van jou familienavorsing (wat ten minste 1 000 name bevat) aan Lucas Rinken by: lgr@iarica.com vir insluiting in die databasis en ontvang 'n kopie van die e-SAGI laserskyf - gratis, of
2. Stuur jou bestelling aan Dennis Pretorius te: Krugersdorp@oixie.co.za (kopers van vorige weergawes geniet 'n afslag op die nuutste laserskyf.)

Hierdie skrywe is namens Japie Bosch gestuur:
Telefoon: 011 476 7291
Vonkpos: jrjbosch@telkomsa.net

* * * * * * *

Oorsig van Bestuur

1. Weens 'n kragonderbreking by die Universiteit is die vergadering eers gehou in die donkerte en toe by kerslig. Dankie aan oom Thinus Brümmer en Wolfie Spaleck vir die kerse.

Gert Schepers het vinnig gedink en vir ons 'n foto met sy selfoon geneem.

2. Voorstelle om bevordering en bemarking te doen vir GGSA:
a) Beriggie in gemeenskapskoerant.
b) Pick & Pay Bedworthpark - tafeltjie daar beman.
c) IFM 102.2 - gemeenskapsradio.
d) Transvalia Skou.
e) Moet weer probeer om die skoleprojek aan die gang te kry.

3. Sprekers:
a) Prof Johann Tempelhoff deel ons mee dat die Fakulteit Celestine Pretorius se vervoer gaan borg sodat sy ons kan kom toespreek. Ons moet net die datum vasstel. Celestine is een van die redaksielede by *Familia.*
b) Prof Johann het ook voorgestel dat ons die rabbi van die Joodse gemeenskap moet nader om ons toe te kom spreek. Hulle het baie goeie geskiedenisse oor die Joodse genealogie.

4. Invitation:
To the Establishment of the Sedibeng Heritage Forum on the 25th of April 2007. The purpose of this meeting is to ensure that all the Heritage Stakeholders in the Sedibeng Region are involved in the process of establishing the Sedibeng Heritage Forum. It is of utmost importance that all role players form part of the Heritage Forum to ensure the effective management of the Heritage Estate of the Sedibeng District Municipality.
Key Note Address by Prof. J. Tempelhoff.
Venue: Vaal Teknorama Museum, Vereeniging.

Outeursreg/kopiereg en plagiaat

Colin Pretorius skryf die volgende hieroor op die gespreksforum GenForum van 23 Julie 2002: *"Die gebruik van iemand anders se werk sonder erkenning is en was nog altyd 'n probleem - en dit is miskien hoe dat altyd gaan wees.*

Wat plagiaat betref, is dit waarskynlik die beste om te begin met 'n definisie of beskrywing daarvan. Miriam Webster definieer plagiarize *as volg: 'to steal and pass off - the ideas or words of another - as one's own and to use - another's production - without crediting the source'. Dit word ook beskryf as 'to commit literary theft present as new and original an idea or product derived from an existing source'. Die HAT definieer dit as 'die oorneem van gedagtes, argumente, ens. uit 'n ander skrywer se werk en dit as jou eie te laat deurgaan'.*

Kortliks kan mens die volgende onderskeid maak: By plagiaat gee een persoon voor om die outeur van die werk, of idee, te wees, deurdat hy/sy nie die werklike outeur erkenning gee nie, terwyl dit by kopieregskending gaan oor die gebruik van 'n ander persoon se werk sonder die nodige toestemming. Hoewel dit as twee aparte konsepte erken word, dink hy dat met die uitsondering van inligting wat in die publieke domein is, plagiaat in wese die diefstal is van 'n ander persoon se werk of idees, welke werk of idees daardie persoon se IP is en welke IP deur die Wet op die beskerming van intellektuele eiendom beskerm behoort te wees. Uit hierdie oogpunt het hy nie 'n probleem daarmee om plagiaat en kopieregskending onder dieselfde vaandel te bespreek nie."

Christo Viljoen skryf op dieselfde GenForum op 17 Julie 2002 soos volg: *"Op die Kantoor vir Intellektuele Eiendom van die Universiteit van Stellenbosch se Vrae en Antwoorde webblad oor outeursreg, word die hele situasie verduidelik, besoek dit by* http://www.sun.ac.za/kie/kopie-a4.htm *en volg die skakels.*

Kortliks: Feite is nie vatbaar vir outeursreg nie. Daarom gaan dit in outeursreg meer oor die oorspronklike voorstelling van feite in die outeur se eie woorde of formaat, as oor die feite self. Die feite (name van persone, geboorte- en sterfdatums, besonderhede van huwelike, ens.) is dus in die openbare domein en enigeen kan dit benut. Wanneer jy die feite egter verwerk in 'n familie-stamboom met 'n oorspronklike en nuwe rangskikking en voorstelling daarvan, is die stamboom onderhewig aan outeursreg en dus beskerm.

Op die internet is daar twee baie goeie skakels wat ook van toepassing is op die internasionale (insluitende SA) situasie." Die skakels is:
http://www.genealogy.com/genealogy/49_gary.html
http://www.genealogy.com/genealogy/14_cpyrt.html

– – – – – – –

Kompakskywe - Inligting nie vir altyd veilig nie

deur Liesl Pretorius
(Beeld Koerant van Woensdag 18 April 2007, p11)

"Belangrike foto's van spesiale geleenthede is nie veilig op 'n CD nie. Data, insluitend foto's, teks en musiek, op CD's wat 'n mens self skryf of klaar koop, kan verlore gaan. 'CD's wat 'n mens self skryf, hou soms net 'n jaar voordat dit nie meer gelees kan word nie,' het prof. Mathhias Hemmje van die Fern-universiteit in Hagen, Duitsland, aan **Sapa-DPA** *gesê. Dié nuusdiens berig CD's lees moeiliker met die verloop van tyd weens die disintegrasie van die plastieksoort waarvan dit gemaak word. Die spoed van disintegrasie hou onder meer met die gehalte van die CD verband.*

Mnr. Johnny Wilkinson, dataherwinningspesialis van die maatskappy Imperative Technology *in Johannesburg, sê gebruikers behoort die inligting wat op CD's geberg word, elke sowat vier tot vyf jaar op nuwe CD's oor te skryf om dataverlies te voorkom. Die bergingstydperk kan, afhangend van die produk, na sy ervaring van sowat 4 tot 15 jaar wissel.*

Wilkinson sê 'n reeks bergings-tegnologie-moontlikhede bestaan, waarvan bykomende hardeskywe 'n 'vinnige, maklike en goedkoop' manier is om data te stoor. Installeer 'n tweede hardeskyf tydelik, kopieer alles (op die bestaande hardeskyf na die tweede hardeskyf), haal die tweede hardeskyf uit, verpak dit in 'n teen-statiese houer en bêre dit in 'n kluis weg van enige magnetiese steurnisse,' is sy raad. Wilkinson sê al vorder die tegnologie hoe vinnig, behoort 'n mens die inligting op só 'n bykomende hardeskyf nog oor 15 tot 20 jaar te kan lees.

*Hierteenoor ontwikkel CD-tegnologie so vinnig dat rekenaars oor 'n paar jaar dalk nie meer aandrywers sal hê wat die huidige CD's kan lees nie - soortgelyk aan rekenaars wat nie meer aandrywers vir floppies (*floppy disks*) het nie. Wilkinson sê dit is raadsaam om jou data in die oorspronklike lêerformaat (soos* .doc en .xls*) te argiveer.*

*Argivering behels berging op lang termyn, terwyl rugsteun-kopieë (*back-ups*) vir korttermyndoeleinde geld. In die algemeen behoort 'n mens minstens twee kopieë op verskillende plekke van jou data te hê. Al ontwikkel nuwe weergawes van die programmatuur wat nodig is om dokumente te lees, behoort 'n nuwe weergawe 'n dokument te kan lees wat in vorige weergawes geskep is, sê Wilkinson.*

'n Ander moonlikheid is om die programmatuur saam met die data te berg. Hy sê dit is 'kritiek belangrik' vir verbruikers om tegnologiese ontwikkelings dop te hou. As jy weet tegnologie wat jy gebruik het om inligting te berg word uitgefaseer, moet jy dit betyds na nuwe tegnologie oordra."

JAMES COOKS - GESELS OOR SY GENEALOGIESE NAVORSING

James Cooks - foto Celia Fourie

James wil sy genealogiese navorsing in die vorm van 'n storie vertel, waar hy vandaan kom en hoekom hy vandag hier sit en wat met hom gebeur het en hoe hy sy inligting van oor die 30 jaar bymekaar gebring het.

James se oorlede vader was 'n weeskind. Sy pa se pa is noodlottig gewond in die oorlog van 1899. James se pa se ma is oorlede van die gevolge van die konsentrasiekamp.Sy pa het toe by Swanepoels grootgeword. Met ander woorde, James se pa het nie sy familie geken nie.

Die Cooks stamvader het ses kinders gehad, van daardie ses kinders is een in die oorlog doodgeskiet die ander kind is deur weerlig doodgeslaan terwyl hy saam met Generaal De la Rey se kommando was. Die ander seun, John George Cooks, 'n Engelsman, is by Longlands, naby Kimberley, tydens 'n byeenkoms in die skoolsaal aangerand en is daar oorlede en die ander seun is deur 'n trein doodgery.

James se pa is in 1899 gebore en met dié dat hy by oom Hendrik Swanepoel grootgeword het, kon hy geen woord Engels praat nie. Dié oom Hendrik se been is in die oorlog afgeskiet, nou kan jy vir jouself indink hoe hy teenoor 'n Engelsman gereageer het. Met die gevolg dat James se pa nie sy familie geken het nie. Hy wou ook niks met die Engelse Cookse te doen gehad het nie. Dit het veroorsaak dat daar 'n totale tweespalt gekom het tussen die Engelse en die Afrikaanse Cookse.

Dit het vir James gepla dat sy pa nie sy familie geken het nie. Hy het so 30 jaar gelede begin met 'n stamboom, net met een ding in sy kop, waar pas al die kinders inmekaar. Hy het 'n klomp papier bymekaar gemaak en dit aanmekaar geplak. Dit was omtrent 40 meter papier wat hy opgedeel het in tien stukke. James dink daar het definitief versoening gekom toe hy 'n familiebyeenkoms vir die klomp Cookse gereël het en die ouer geslagte oor hierdie dinge begin praat het.

James was besig met die stamboom op hierdie stukke papier toe kom hierdie pragtige rekenaar-programme uit. Hy het begin om 'n paar uit te toets en geëindig met die De Lux program van Legacy. Hy was omtrent klaar met sy navorsing toe Prof Tempelhoff hom genooi het om met ons daaroor te kom gesels. Daar het hy vir James gevra, aangesien hy so baie navorsing gedoen het, of hy nie 'n formele studie van dit wil maak nie. Wat hy toe ook baie graag gedoen het.

Kort hierna gaan James met verlof. Die Vrydagaand is hy hier weg, die Saterdag sit hy in Middelburg in die Kaap, toe hy 'n telefoonoproep kry dat daar by sy huis ingebreek is. Sy rekenaar met alles daarop is gesteel. James het toe die brief gehad van Potch Universiteit wat hom erkenning gegee het, wat gesê het dat hy is 'n Tegniese Chemikus van jare en dat hulle vir hom erkenning sou gee dat hy kon aangaan met sy Honneursgraad in Genealogie, maar daar is 'n voorwaarde aan verbonde.

Die voorwaarde is dat hy moet kom en vir hulle vertel wat weet hy van die SA Geskiedenis. Hulle het vooraf vir hom afgebaken die tydperk van Jan van Riebeeck tot by John Vorster. Na hy hierdie eksamens geslaag het, het hulle gesê dat hy erkenning sou kry vir BA in Gesk op die voorwaarde dat hy eers sy Honneurs moet klaarmaak. Sy eerste vak was Historiografie waar hulle vir jou leer van die geskiedenis van geskiedskrywing.

James kom toe agter dat Prof Tempelhoff hom eintlik nog verder met 'n slap riem gevang het. Hierdie Honneurs is nou nie eintlik die ding wat hulle wil hê nie, hulle wil nou eintlik 'n Meesters-graad hê. Hy het verlede week sy voorstel (proposal) ingedien by Prof Tempelhoff met sy tema: *Die Invloed van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis op die groter Cooks-familie.*

Wat James daarmee bedoel is dat hy besef het dat daar soveel geskiedenis is, dat hy fokuspunte gemaak het. Die eerste fokuspunt is die Swane-poels, want daar is 'n groot storie rondom hulle. Die tweede fokuspunt waarop James wil konsentreer is die Trekboere. Pieter Swanepoel se kleinseuns het Voortrekkers geword. Die derde fokuspunt is die ABO en die Slag van Slingerfontein by Colesberg waar sy oupa Andrew Coetzee doodgeskiet is. Die Cooks se stamregister sal net 'n aanhangsel wees rondom hierdie studie van hom.

Een interessante ding wat James graag met ons wil deel van hoe mens 'n ontdekking doen. Sy een oumagrootjie se ma was 'n Bantjies. In sy navorsing het hy agtergekom dat Piet Retief se sekretaris was Jan Gerritse Bantjies. James het toe begin wonder waar pas hy by sy Bantjies in. Eendag op pad huis toe van die Weskus af stop hy by Beaufort-Wes en daar loop hy 'n boekie raak met een blaadjie oor hierdie Jan Gerritse Bantjies. Hy kom toe agter hierdie ou was sy oumagrootjie se ma se broer!

James is trots daarop dat hy op hierdie leeftyd sy stokperdjie formeel kan maak! Die vak Metodologie leer hom ook om alles volgens 'n spesifieke metode te doen én hy word geleer hoe om 'n boek te skryf.